

Sing vooraf staande: Psalm 94:1, 2 (p. 472)

- 1 Verskyn weer aan die onweerstranse, / o God van wraak, in skitterglanse!
Vertoon u stralende aangesig, / o Regter, wat die wêreld rig!
Staan op, verhef U en vergeld / die trotsaards nou hul trots geweld!
- 2 Hoe lank, o HEER, sal nog die bose / hier triomfeer... die goddelose
by al ons jammer en gesug / hul jubels uitstoot in die lug?
En giftig, by hul seëpraal, / ons uitspot met hul lastertaal?

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Loflied: Psalm 147:1, 7 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 7 Hy stuur sy woord, sy wind – hul smelt, / die waters stroom weer oor die veld.
So laat hy guns op almal daal, / oor Isr'el het die wonderstraal
van waarheidskennis opgegaan; / so het Hy aan geen volk gedaan.
Hul ken sy ryksverordening; / hul moet uit dank sy grootheid sing!

Gebed

Skrifberyming 18-4:1, 2 (46:1, 2)

- 1 Bo die kimme van verdwyning / rys die marmewit verskyning –
oordeelstroon van God die Heer. / Aarde en hemel, skrikbewoë,
weggevlug het van sy oë; daar's geen plek vir hulle meer.
- 2 Voor die regterstoel ontbode, / klein en groot staan daar die dode,
en die boeke 't oopgegaan, / ook die Lewensboek met wisse,
eewige naamgeheimenisse / wat daarin geskrywe staan.

Skriflesing: 2 Petrus 3:1-18; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 37

Kernvers: 2 Petrus 3:14

Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. (2 Petrus 3:14 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 37

Die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe

Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het – dié tyd is vir alle skepsels onbekend – en die getal uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus Christus met groot heerlijkheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Hand 1:11), om Homself as Regter oor die lewendes en dooies aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. Dan sal, gedag deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God, alle mense, mans, vrouens en kinders, wat van die begin van die wêreld tot die einde toe geleef het, persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn (1 Tess 4:16). Want al die dooies sal uit die aarde opstaan, die siel

van elkeen saamgevoeg en verenig met sy liggaam waarin hy geleef het. En hulle wat dan nog sal lewe, sal nie soos die ander sterwe nie maar in 'n oogwink verander en uit verganklikheid onverganklik word. Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies geoordeel word (Open 20:12) volgens wat hulle in hierdie lewe gedoen het, of dit goed was of sleg (2 Kor 5:10). Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ligsinnige woord wat hulle gesê het (Matt 12:36), al beskou die wêreld dit slegs as kinderspel en tydverdryf; en dan sal die geheime bedrog en huigelry van die mense in die openbaar voor almal oopgevlek word.

Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word, en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolgt, verdruk en gekwel het. Maar die goddeloses sal deur die getuienis van hulle eie gewete tot erkenning van hulle skuld gebring word; hulle sal onsterflik word dog slegs om gepynig te word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Matt 25:41). Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlijkheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matt 10:32), en sy uitverkore engele bely; alle trane sal van hulle oë afgevee word (Open 21:40). Dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as kettters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is. En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlijkheid gee as wat die hart van 'n mens nooit kon bedink nie.

Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet. Amen.

Matt 13:23; 25:13; 1 Tess 5:1-2; Matt 24:36; Open 6:11; Hand 1:11; 2 Pet 3:10; Matt 24:30; Open 21:11; Matt 25:31; Jud 1:15; 1 Pet 4:5; 2 Tim 4:1; 1 Tess 4:16; 1 Kor 15:51; Matt 11:22; Mark 12:18; Matt 23:23; Joh 5:29; Rom 2:5; Heb 6:2; 9:27; Matt 12:36; 2 Tess 1:5; (Heb 10:27); 1 Joh 4:17; Open 14:7; Luk 14:14; 2 Kor 5:10; Open 21:8; 22:12; Dan 7; Matt 25:41; 2 Pet 2:9; Jes 25:8; Matt 10:32; Open 21:4; Jes 66:5; 1 Kor 2:9.

Tema: Christus sal beslis op die wolke terugkom

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die beginjare van hierdie eeu is ons oorval met al die sogenaamde nuwe navorsing oor die soeke na die historiese Jesus. In Suid-Afrika het hierdie navorsing aan die einde van die vorige eeu onder die Nuwe-Testamentiese wetenskaplikes van verskeie universiteite begin. En aan die begin van hierdie eeu is dit tot vervelens toe in die koerante en in gesprekprogramme oor die radio voortgesit. Hierdie berigte en programme was 'n manier van hierdie wetenskaplikes om hulle navorsing aan die man op die straat oor te dra.

Baie mense is aangegryp oor hierdie navorsing wat gedoen is. Vir hulle was dit iets nuuts en hulle het op loop gegaan daarmee. Selfs mense wat lidmate in kerke is, was aangegryp deur hierdie navorsing. Die sogenaamde nuwe navorsing waarmee die wetenskaplikes na vore gekom het, handel oor Jesus se maagdlike geboorte, sy kruisiging en sy opstanding uit die dood. Ware gelowiges wie se gedagtes deur die Heilige Gees gerig is op Christus aan die regterhand van die Vader se ore spits ook wanneer hulle hoor van hierdie dinge – nie omdat dit vir hulle skielik iets nuuts is nie, maar omdat hierdie sake aangaande Jesus die pilare is waarop hulle geloof berus, en hierdie navorsing is 'n poging om die pilare van hulle geloof weg te kalwe.

Die wetenskaplikes – ons noem hulle nie teoloë nie, want hulle is dit nie – se oogmerk met hulle navorsing was immers nie om die rykdom van die openbaring van God oop te dek vir gelowiges nie. Hulle wou hê hulle twyfel oor die maagdlike geboorte van Jesus, sy kruisiging en opstanding uit die dood moes bevestig word. Aangesien God se openbaring aangaande Maria se swangerskap vir hulle nie logies aanvaarbaar is nie, word haar swangerskap toegeskryf aan 'n buite-egtelike verhouding. Omdat hulle nie met hulle eie sonde rekening hou vir wat dit regtig is nie, naamlik

opstand teen die heilige God, wil hulle nie verstaan dat Jesus se sterwe aan die kruis die betaling van sondaars se skuld is nie. Hulle bestempel Jesus se dood as die gevolg van politieke onrus. En omdat die opstanding uit die dood nie met hulle wetenskaplike metodes bewys kan word nie, sê hulle dat die liggaamlike opstanding van Jesus eerder as 'n emosionele versinsel van die dissipels beskou moet word. Volgens hierdie wetenskaplikes lewe Jesus maar net deur sy woorde en goeie voorbeeld in mense se gedagtes voort.

Met dit alles gesê, kan ons maar seker wees dat hulle nie bely dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, nie. Hulle soeke na die historiese Jesus het hulle daartoe gebring om te sê dat Jesus maar net 'n baie goeie en voorbeeldige mens was en niks meer nie. Alhoewel baie mense beïndruk was met hierdie sogenaamde nuwe navorsing, weet die ware gelowige dat dit nie regtig nuut is nie. Dit is immers nie die eerste keer dat Jesus Christus se Godheid deur mense in twyfel getrek en bestry word nie. In die eerste eeu, toe die boeke van die Nuwe Testament onder leiding van die Heilige Gees in wording was, was daar al dwaalleraars wat Jesus net as 'n mens aanvaar het. Die eerste brief van Johannes is juis geskryf om die lidmate toe te rus teen hierdie soort aanvalle op hulle geloof in Jesus Christus.

Op grond van God se openbaring van sy Seun het die vroeë kerk al begin om duidelik hulle geloof aangaande Jesus Christus bely. Jesus Christus is inderdaad die Seun van die lewende God en Hy het op die bestemde tyd mens geword. Saam met ons broers en susters in die vroeë kerk bely ons vandag nog in dieselfde woorde van die Twaalf Artikels, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius dat Jesus Christus die Seun van God is wat mens geword het.

Aangesien hierdie wetenskaplikes, wat eintlik maar dwaalleraars is, sê dat Jesus Christus net 'n baie goeie en voorbeeldige mens was en nie uit die dood opgestaan het nie, kan ons seker wees dat hulle ook nie glo dat Hy werklik voor die oë van sy dissipels opgevaar het na die hemel nie. Daarom kan 'n mens beswaarlik verwag dat hulle sal sê dat Jesus Christus weer op die wolke van die hemel sal terugkom. Om hierdie rede is die tweede brief van Petrus vir ons vandag van belang. Ons kry weereens die versekering, soos ons in Artikel 3 tot 7 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely het, dat die Bybel nie 'n ou uitgediende boek is nie. Die Bybel is God se Woord wat vir altyd en vir elke tyd geld, want God is ewig en altyd dieselfde.

In die eerste eeu van die kerk se bestaan was daar mense wat die wederkoms van Jesus Christus betwyfel het. En hulle het dit nie maar net betwyfel nie; hulle het openlik daarmee gespot en dit as 'n lawwe storietjie bestempel. Spottend het hulle gevra:

En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles net soos dit was van die begin van die skepping af.
(2 Petrus 3:4 AFR83)

Geliefdes, die Here wil hê ons moet voorbereid wees op die dwaalleraars. Vir die gelowiges wat so kort na die hemelvaart van Christus geleef het, word daar gesê:

Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf. (2 Petrus 3:3 AFR83)

Die gelowiges aan wie Petrus skryf was nie die eerstes wat die gespot van die on-gelowiges en huigelaars moes verduur nie. Paulus het in twee briewe al oor die opstanding en wederkoms van Jesus Christus geskryf omdat daar toe al mistastings was oor hierdie sake. Dit is in die eerste brief aan die Korintiërs en aan die Tessalonisense.

Ons hoef dus nie terug te deins oor hierdie spotwoorde van die dwaalleraars nie. Hulle kom beslis nie met iets nuuts nie, maar net met die ou dwaalleer, want hulle lewe word net deur hulle eie begeertes beheers. Hulle maak asof die wederkoms net praatjies is, want hulle wil nie hê dat Jesus

Christus na hierdie wêreld terugkom nie. Al klink hulle woorde ook hoe geleerd en al lyk hulle argumente hoe logies, ons hoef ons nie daaraan te steur nie, want hulle lewe word deur hulle eie begeertes beheers en nie deur die Woord of die Gees van God nie. Wanneer Petrus in die tweede hoofstuk van hierdie brief die dwaalleraars beskryf, aarsel hy nie om reguit te wees nie. Hy sê hulle is *droë fonteine, miswolke wat deur 'n stormwind voortgejaag word*. Hulle kom met die belofte van wonderlike kennis en as hulle hulle monde oopmaak is dit net die ou onsinnigheid van ouds.

Die ou duiwel kan nie met nuwe dinge na vore kom nie. Maar waarmee hy wel na vore kom, is meer mense wat sy bogstoriëttjies glo. Daarom kan ons maar seker wees dat daar al meer en meer mense sal wees wat hierdie spotvraag sal uitroep:

En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? (2 Petrus 3:4 AFR83)

Die goddelose mense wil graag glo dat die wêreld waarin ons leef vir altyd maar net sal aanhou bestaan en dat God niks daaraan gaan doen of verander nie.

Eintlik is die goddelose mense senuweeagtig wanneer hulle hierdie spotvraag uitroep. Hulle wil hulleself wysmaak dat hulle nog veilig is met hulle goddelose bedrywighede. En wanneer hulle sê: **Ons vaders is al dood, en tog bly alles net soos dit was van die begin van die skepping af** (2 Petrus 3:4 AFR83), ontbloot hulle hulle eie moedswilligheid. Petrus wys hulle eers op hulle moedswilligheid:

Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstrom is en vergaan het.
(2 Petrus 3:5-6 AFR83)

Uit die woord van die Here wat deur die profete en apostels verkondig is, wys Petrus hierdie dwaalleraars hoe dwaas hulle is.

Petrus begin waar die Bybel self begin, naamlik by die skepping. Deur sy woord het God alles wat bestaan, geskep. Die hemel en die aarde en alles daarop is die resultaat van God se skeppende woord. Die voortbestaan van die wêreld is net so afhanklik van die Here se woord as wat die ontstaan daarvan van die Here se woord afhanklik was. Petrus en ons weet dat die hemel en die aarde maar nie dieselfde gebly het, soos wat die spotters beweer nie. Die mens se sonde het sedert die sondeval met rasse skrede toegeneem. En in die dae van Noag het die sonde van die mensdom tot so 'n grootheid toegeneem dat die Here nie langer lankmoedig kon wees nie. Bedroef oor die ongehoorsaamheid en geweld van die mensdom het die Here die wêreld met sy woord van oordeel getref.

Die dwaalleraars beroep hulle op die standvastigheid van die Here se woord wat die wêreld geskep het. Maar moedswillig vergeet hulle van die Here se oordeel in die sond-vloed. Hulle wil maak asof God deur sy eie woord ingeperk kan word. Omdat God die wêreld geskep het, dink hulle dat Hy nie daarvoor kan en sal oordeel nie. God se genade en liefde kanselleer nie sy regverdigheid en heiligheid nie. Die Here is inderdaad genadig en barmhartig, want Hy maak Homself so aan die mens bekend. Maar die Here bly ook altyd regverdig en heilig, soos wat Hy Hom ook aan die mens bekend maak. God se woord van oordeel is net so standvastig as sy skeppingswoord. Die oordeel wat die wêreld in die tyd van Noag getref het, is die opgetekende bewys daarvan. Die sondvloed is die Here se bewys dat die wêreld nie ongestoord op sy eie en in sy verdorwenheid kan voortbestaan asof die Here niks daarmee te doen het nie.

Dieselfde woord van God wat die hemel en die aarde geskep en die regverdige oordeel daarvoor gebring het, hou vandag die hemel en die aarde in bewaring vir die vuur van God se oordeel. Die feit dat dit lyk asof alles maar net dieselfde bly, is nie omdat God niks met die wêreld te doen het nie,

maar omdat God dit bewaar. Hy is aktief met sy woord in hierdie wêreld besig en die wêreld bestaan nie maar los van die Here voort nie. As die goddelose senuweeagtig aan die bewe gaan hieroor, bewe hulle met reg, want die Here gaan beslis as Regter terugkom om die lewendes en die dooies oor hulle werk te oordeel. Die Here bewaar die wêreld vir sy oordeel aan die einde van die dae. Hy doen niks doelloos nie.

By ons gelowiges kom daar nou 'n vraag op: Hoe moet ons hierdie oënskynlike vertraging verstaan en wat staan ons te doen in hierdie tyd tot en met die wederkoms van Christus? Op hierdie punt gaan Petrus daartoe oor om die spotters se vraag te beantwoord. Hy antwoord op hulle vraag uit die Ou en die Nuwe Testament. Eers haal Petrus die belofte uit die Ou Testament, naamlik uit Psalm 90, aan:

Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. (2 Petrus 3:8 AFR83)

Uit Psalm 90 word dit duidelik dat God ewig is. Hy werk nie met tyd en is ook nie aan tyd gebonde soos ons mense nie. Vir God bestaan net ewigheid en dit is wat met die aan-haling bedoel word. In die ewigheid is daar nie verlede, hede en toekoms nie. In die ewigheid is dit altyd hede, altyd nou. Daarom is 'n duisend jaar soos een dag en een dag soos duisend jaar. En ons lewe wat vir ons so lank voel, is maar 'n oogwink wat in ellende verbyvlug as gevolg van ons sondes.

Afgesien daarvan dat ons in Psalm 90 leer dat God ewig is, leer ons Hom ook ken as die Skepper en Regter. By herhaling wys die Heilige Gees vir ons in Psalm 90 dat alles nie maar net voortbestaan en God los dit nie. Hy het geskep, ja, maar ook die mens geoordeel. En tog is oordeel nie die laaste woord van die Here nie. Hy het immers ook 'n verbond met die mens opgerig waarin die Hy Homself as hulle God bekend maak by wie die mens veilig kan skuil. God is die mens se toevlug.

Om die spotters se vraag te beantwoord, sluit Petrus by die hele Psalm 90 aan. God is nie stadig of selfs vergeetagtig wanneer dit kom by die vervulling van sy beloftes nie. Ons moenie dink dat God van sy belofte vergeet het omdat dit vir ons so lank voel nie. Wat vir ons lank voel, gaan in die oë van die Here soos 'n oogwink verby – duisend jaar soos een dag. Dat God die Skepper en Regter is, het Petrus reeds aangeraak toe hy die spotters herinner het aan die skepping en die dae van Noag. Nou sluit hy by die verbond aan soos dit in Psalm 90 genoem word. God is geduldig met mense. Hy wil nie dat mense vanweë hulle sonde verlore gaan nie. Daarom gee Hy genoeg tyd sodat almal genoegsame tyd en geleentheid het om hulle te bekeer.

Hoe lank dit nog gaan duur voordat Christus kom, weet geen skepsel nie. Die Here alleen het daardie tyd bepaal. Daarom haal Petrus ook die woorde van ons Here Jesus in die Nuwe Testament aan om vir ons te wys dat God se geduld nie vir ewig in hierdie tyd sal aanhou nie. Die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief in die nag kom. Dan is alles verby. Die hemelliggame sal tot niet gaan en die aarde sal met vuur vergaan. Wan-neer Christus in sy glansryke heerlijkheid verskyn, sal die hemelliggame se glans verdof.

Daarom, die feit dat Christus nog nie gekom het nie, is nie omdat die wederkoms maar net 'n storiëtjie is soos die spotters beweër nie. Die is ook nie omdat God stadig is of vergeet het nie. Christus het nog nie weer gekom nie, want God gee nog genadetyd sodat alle mense geleentheid het om hulle te bekeer, want God het die wêreld lief. Dat dit lyk asof alles maar dieselfde bly, is nie omdat God die wêreld gelos het nie. Alles gaan nog voort omdat God dit so bewaar vir daardie dag wat soos 'n dief in die nag sal verskyn – daardie dag wanneer Christus as Regter sal verskyn. So moet ons die oënskynlike vertraging verstaan.

Maar wat staan ons te doen in hierdie laaste dae? Ons moet des te meer vroom en aan God toegewy lewe. Ons moet ons beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God en in vrede met Hom

te lewe. Ons moenie wonder oor wanneer die wederkoms sal plaasvind nie. Ons weet die wederkoms sal plaasvind, want God belowe dit. Kom ons gebruik die tyd wat die Here aan ons gee om meer toegewy aan Hom te lewe. Sterf nog meer die ou mens af. Wees nog meer wat Christus van ons maak – kinders van die hemelse Vader. Laat ons onself nog meer aan die Heilige Gees onderwerp wat ons heilig maak sodat ons vlekkeloos en onberispelik kan wees voor God. Leef in vrede met God, deur na te laat om sonde te doen en daarvan weg te vlug. Dit is immers die sonde wat vyandskap tussen God en ons veroorsaak. Wanneer ons so lewe, sal ons lewens 'n getuienis wees dat Christus se wederkoms vir ons 'n werklikheid is.

Aangesien ons weet hoekom Christus nog nie gekom het nie en omdat ons weet dat God geduldig is, is die laaste tye nie net vir ons die tyd om ons te bekeer nie. God het immers die wêreld lief. Daarom kan ons evangelisasie nie maar heel onder op ons lysie skryf van die dinge wat ons nog wil doen nie. Juis omdat ons weet hoe seker Christus se wederkoms is en ook hoe finaal sy oordeel oor lewendes en dooies is, moet ons God se liefde en regverdigheid in Jesus Christus verkondig. Dit is immers God se wil dat die mense hulle van hulle sonde sal bekeer. Dit is deur ons verkondiging dat God die getal van sy uitverkorenes vol wil maak.

Wie gehoorsaam aan die Here leef deur self meer en meer vlekkeloos en onberispelik te word en meer en meer aan ander mense die goeie nuus van Jesus Christus te verkondig, beywer hulle vir die dag van die Here se koms. Of, soos dit in die Ou Vertaling staan, hulle *verhaas* die dag (2 Petrus 3:12). Onder leiding van die Heilige Gees en in die Naam van die Here neem die Here self deur hulle die rede weg wat Christus se koms nog verhinder. Laat ons daarom aanhoudend bid: *Laat u koninkryk kom*, en laat ons as koninkryksburgers lewe.

Amen!

Slotgebed

Slotpsalm 48:4, 5 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 Junie 2013